# Liturgiese Riglyne

**<u>SONDAGOGGEND 09:00</u>**

**NAGMAAL**

## God roep jou, kom les jou dors met die Lewende Water

**<u>Skriflesing</u>:**
Jes 55:1-13
(1983)

**<u>Teksvers</u>**:
Jes 55:1-5;
Open 22:17

**<u>Sing</u>**:
Ps 105-2:1,10
Lied 202:1,2,3
Ps 71-1:9
Ps 84-1:3
Sb 17-3:1,2
Ps 116-1:1-3...
Ps 47-1:1
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Goeie nuus vir ons almal vanmôre, vir sondaars en verlorenes, vir alle volke, alle nasies en alle tale, vir verloste sondaars!

<u>Jes 55:1</u>: ***"Kom almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook die wat nie geld het nie, kom koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk."***

Dit is 'n teenstrydigheid in die algemeen, hoe kan jy koop sonder om te betaal, sonder geld en nie net stapelvoedsel nie, maar wyn en melk? Vir die algemene verstaan 'n paradoks, maar vir Christen-gelowiges, 'n ryke vertroosting en versterking uit die Woord. Die rede is omdat daar reeds vir ons betaal is, nie met geld nie, maar met Jesus Christus se eie liggaam en bloed. Ons is losgekoop van ons sondige bestaan vir 'n bestaan van volkomenheid en liefde by God.

Hierdie wonderlike uitnodiging lees ons ook van in <u>Open 22:17</u>:

***"Die Gees en die bruid sê: "Kom!"***
***En elkeen wat dit hoor, moet sê: "Kom!"***
***En elkeen wat dors het moet kom;***
***Elkeen wat die water van die lewe wil hê,***
***moet dit kom kry, VERNIET!"***

**<u>SONDAGAAND 18:00</u>**

## Sondag weer tyd vir nadenke

**<u>Skriflesing:</u>**
Deut 5:12-15
(1983)
**<u>Teksvers</u>**:
Deut 5:15

**<u>Sing</u>**:
Ps 92:1,2,3
Ps 84:1,2
Sb 17-3
Ps 139:1,9
Sb 18-6:1-5
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Moses herhaal die Wet of Tien Gebooie hier aan die nuwe geslag wat in die woestyn oorleef het. Hulle moet nadink oor waar hulle vandaan kom.

As ons vandag deur Woord (ore) en Sakrament (oë) herinner word aan ons afkoms en verlede, dan behoort dit ons te bring by ware aanbidding.

Miskien moet ons ons net weer bekeer oor watter plek die Sondag in ons lewe en weeklikse roetine inneem, sodat ons nie fokus verloor deur al die ander wêreldse aanbiedinge op Sondae nie.




# KOMMUNIKAATJIE
**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 49 Nr 09 17 Maart 2024**


## Verskillende opvattinge oor die Nagmaal

(Bron: Feenstra, JG 1986 p244)

Hoekom vier ons vandag die heilige Nagmaal? Wat is die betekenis van die Nagmaal en waarop dui die brood en die wyn? Die Heidelbergse Kategismus behandel die Heilige Nagmaal en wel in Sondag 28-30 so ook die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 33,35

Om hierdie vrae te antwoord en tot dié belydenis te kan kom, was daar 'n heftige stryd tydens die Reformasie gevoer oor die betekenis van die heilige nagmaal. Die opdrag het tog van Jesus Christus self gekom om nagmaal te vier en Hy het gesê: "*Dit is My liggaam en dit is My bloed!*" Die woordjie ***"is"*** kan verskillende betekenisse hê wat dui op verskillende opvattings van die verstaan van die brood en die wyn. Bv. Wanneer ek 'n foto van 'n olifant bekyk, kan ek sê: "*Dit is 'n olifant*!" Terwyl dit eintlik 'n foto van 'n olifant is. As Jesus dan sê van die brood: "*Dit is my liggaam*!" wat beteken dit?

**1 Die Roomse kerk leer die transubstansiasie.**
Volgens hierdie siening moet die woordjie ***"is"*** letterlik verstaan word en verander die brood letterlik in die liggaam van Christus en die wyn letterlik in die bloed van Jesus Christus.

**2 Luther leer die konsubstansiasie.**
Luther het nie geheel en al met die Roomse nagmaalbeskouing gebreek nie. Volgens hom verander die brood en wyn wel nie in die liggaam en bloed van die Here nie, maar die liggaam en bloed ***"is"*** daarin. Soos water in 'n spons is, so ***"is"*** Christus in die brood en wyn.

**3 Zwinglik leer die figurasie.**
Uit reaksie teen Rome het hy te ver gegaan en gesê dat 'n mens die woordjie ***"is"*** heel gewoon moet opvat en in die nagmaal slegs 'n gedagtenismaal moet sien. Soos ons dan op ons verjaarsdag ons geboortedag herdenk, so herdenk die kerk by die nagmaal slegs die lyding en sterwe van die Here.

**4 Calvyn leer die sakramentele betekenis van die Nagmaal.**
Calvyn leer dat die brood en wyn ***tekens maar ook seëls*** is van die liggaam en bloed van Jesus. Christus is na sy Godheid, majesteit genade en Gees by die nagmaal teenwoordig. Dit is sakramenteel. Dit is tekens en seëls. Die betekenis is heilig. Daarom moet ons dit met die grootste respek en eerbied en verantwoordelikheid in die geloof gebruik.

Verlossing het nie goedkoop gekom nie. Daar is ten duurste voor betaal met die bloed en die liggaam van ons Here Jesus Christus. Daarom moet ons dit met 'n opregte geloof, in die regte gesindheid tot versterking en opbou van ons geloof gebruik.

Ds. Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Gereformeerde Kerk Centurion
Groei na Christus

***Die nuwe lewe in Christus!***

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**
Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Hersiening les 1-6, Ps 145:1,2 Volgende week: Geen

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

**Volgende week:** Barmhartigheid

**Vandag:** By die deure: Thusofonds

**Volgende week:** By die deure: Kerkkas

Weens die toenemende kriminele aktiwiteite waar kerke soms geteiken word, vra ons lidmate om asb diskreet te wees met kontant en kosbare persoonlike besittings as hul eredienste bywoon.

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



# VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Vanaf die Bedieningskommissie: Die pad vorentoe ná Ds Gerrit se vertrek**

Met kennis van die kerkraad, is ons dominees besig om die take en sake van Ds Gerrit tussen hulle te verdeel en toe te sien dat niks agterweë gelaat word nie. Dit behels onder andere die bestuur van Blok B, Katkisasie ens. Ons skenk aandag aan opsies mbt die vulling van die leemte wat Ds Gerrit se vertrek gaan meebring. Ons sal die gemeente op hoogte hou.

**Dankoffers ontvang soos op 29 Februarie 2024**

| Maand | Ontvang | Begroot | Surplus / Tekort |
|---|---|---|---|
| Januarie | 557 482 | 574 833 | (17 351) |
| Februarie | 502 473 | 574 833 | (72 361) |
| **Jaar tot datum** | **1 059 955** | **1 149 667** | **(89 711)** |

**Ter Approbasie:**
Oudl: Drikus vd Walt, Emil Fourie
Diak: Riaan Fouché, Cilliers vd Merwe, Ernest Bornman (jnr)
**Ontslag** word toegestaan op 7 April 2024 tydens die aanddiens, aan:
Oudl: Christoff van Wyk
Diak: Pieter Pretorius, Jannie Klopper

### Attessake soos op 14 Maart 2024

**Met attestaat aangesluit:**
Johmar Wolmarans van GK Pietersburg (A03)
Marisa Melck en 3 dooplidmate van GK Lyttelton (C13)
Abrie en Elizma Duvenage en 2 dooplidmate van GK Wapadrant (C08)

**Met attestaat vertrek:**
Guan Buys na GK Cachet (B9)
Coenie de Beer na GK Rietvallei (B12)
Stefan van der Bijl na GK Cachet (A17)
Marietjie Smit na GK Naboomspruit (C08)
Marlise van Staden na GK Oos-Moot (A17)
Dessiré van Staden na GK Oos-Moot (A17)
Jan-Teunis Reesink na GK Bellville-Oos (B3)
Anika Lindeque na GK Ladysmith KZN (A10)
Heinrich Buys na GK Pretoria-Brooklyn (B09)
Carina vd Dussen na GK Waterkloofrand (B10)
Ryno van Nieuwenhuizen na GK Cachet (C08)
Luan Wakeford na GK Pretoria-Brooklyn (C07)
Nandri de Beer na GK Pretoria-Alkantrant (B11)
Dian van Niekerk na GK Pretoria-Alkantrant (B11)
Danie en Ronel Erasmus na GK Potchefstroom (B05)
Jan en Charvette Reesink na GK Pretoria-Brooklyn (B03)
Willem en Melissa Visser en 1 dooplidmaat na GK Wierdapark (B19)

**Vertrek sonder attestaat:**
Ruan en Candice van Niekerk (E01)
Dora du Plessis (C08)
Charlene Snyman (B17)

**Opname:**
Jaun Kok (C13)

**Gemeenskap beëindig:**
Yolanda van der Bijl na NG Lynwood (A17)
Ben en Larita Steyn en 3 Dooplidmate na NG Raslouw (B08)

**Klein advertensies:**

**Huiskontrakteur –** herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u, die verkoper, se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

**Huis, woonstel/kantore te huur** Lyttelton Manor, R15 000pm - 3 sk, 3 bk, 2 kombuise, 2 TV kamers, toesluit mh, 3 afdakke, swembad, ens. Kontak Ben vd Walt 082 402 4095.

**Belasting Konsultant.** Individue, Besighede en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/ hennievr.tax @gmail.com

**Lewensafrigting** (*Life Coaching*). Hak die ratte van jou lewe vas? Kontak Linda by 0722278645 of lindajordaan.lc@gmail.com vir meer inligting.

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 794 2728.

Eljada Huis
Waar die HERE sorg en voorsien!

**Nuusbrief is op die kennisgewingbord.**

**Navrae Hennie vd Vyver 084 424 0421**

**Afrikaanse Bybels** 2020 vertaling hoofletteruitgawe met **leeromslag** tans op spesiale aanbod: R200 per Bybel, (normale prys R380). **Slegs beskikbaar op bestelling**. Kontak Esmé @ 083 381 6428.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**17 Mrt**

| | |
|---|---|
| Magda Pelser | A5 |
| Louise v Niekerk | B4 |
| Zanie Kruger | C10 |



## Dopperspele

**11 Mei 2024**

GKC wil 'n span inskryf vir die jaarlikse Dopperspele. Dit is 'n dag vol pret en samesyn.


Meer besonderhede sal later bekend gemaak word.

## Koningskinders-kamp

Baie dankie vir almal wat bygedra het vir die kamp.

Ons vertrek Woensdag en sal Sondag terug wees vir die oggend-erediens.

Almal is welkom om die erediens saam met ons te kom bywoon!



## Die Wyse Gryses

Maandag **8 April om 10:00**
in die kerksaal

Christa Janse van Rensburg gaan vir ons terugvoer gee oor hulle Khomani San uitreik in die Kalahari gedurende Oktober 2023.

Liezl Potgieter en Rieka Bruwer gaan ook insette lewer en dit toelig met foto's op die skerm.

Christa is al 10 jaar betrokke by hierdie uitreik en beleef dit elke keer baie spesiaal!

Kom luister gerus en beleef ook hierdie uitreik!

**Almal hartlik welkom!**



# *Verjaarsdae*

### *Belydende lidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 17 Mrt | James | Plant | A17 | 27662002176 |
| | Zirk | Pretorius | C14 | 27824697801 |
| | Petro | Rabe | C09 | 27824979342 |
| | Wynandt | van Wyk | A01 | 27722253843 |
| 18 Mrt | Marisha | Cronje | A16 | 27824517106 |
| | Maryke | Mulder | C07 | 27829680474 |
| | Lienkie | Nel | C01 | 27718636912 |
| | Inge | Pelser | B05 | 27632210318 |
| | Inge | van Rooy | C13 | 27823452759 |
| 19 Mrt | Casper | Cassidy | B13 | 27824130372 |
| | Marco | Els | B01 | 27826181248 |
| | Magriet | Erasmus | B12 | 27828554217 |
| | Sumei | v Antwerpen | A08 | 27835564276 |
| 20 Mrt | Cobus | Buys | B09 | 27836337208 |
| | Ida | Reinecke | B04 | 27829282120 |
| | Suanne | vd Walt | C15 | 27723052323 |
| | Stephan | Venter | C13 | 27723431976 |
| 21 Mrt | Loutjie | Malherbe | B05 | 27828526948 |
| | Nadine | Venter | B14 | 27724377852 |
| 22 Mrt | Johan | Kotze | C05 | 27839933846 |
| | Johan | Kruger | B01 | 27823868986 |
| | Christo | Snyman | A04 | 3470401 |
| | Mauritz | vd Heever | E01 | 27679707977 |

### *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 18 Mrt | Adelaine | du Plooy | B10 | 27825252169 |
| | Ockert | Liebenberg | A02 | 27745849413 |
| | Luanri | Venter | A04 | 27714855995 |
| 20 Mrt | Devan | du Toit | C10 | 27827287312 |
| 22 Mrt | Anouk | van Rooy | C13 | 27823452759 |

## *Ons gee om vir Mekaar*

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Rita vd Vyver sterk aan na 'n val en gebreekte elmboog (A6—083 533 1999).
- Marlou vd Berg gaan komende week toetse ondergaan (C15—082 412 4313).
- Elsa du Toit sterk aan in Medi-Clinic Midstream (C13—655 0235).
- ***Meelewing*** word betuig met Hester Enslin, Alta Jv Rensbug en familie na die afsterwe van Hester se seun, Alta se broer, Johan.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

**PAASPROGRAM**

**24 Maart 2024**

(na afloop van die aanddiens)

**Christus en die Psalms**

olv GK Centurion

Dit beloof om 'n verrykende geloofservaring te wees.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Passage: 1 Cor 5:1-13

Rev Lourens Venter